**Dr Deon du Toit – 5 Maart 2023**

**Joh 19:25-27 (Bybel 2020)**

**My naam is Maria**

Ek staan wereldwyd bekend as "die maagd Maria", en met goeie reg, want dit is hoe die Bybel oor my skryf in Matt en Lukas. Matteus 1:18-25 skryf dat ek en Josef nog nie getroud was nie, maar dat ek swanger geword het. Josef wou van my af weggaan, want so 'n swangerskap sou skande bring oor hom en sy huis. Maar 'n Engel van die Here het in 'n droom aan Josef verskyn en hom versker dat die swangerskap 'n wonder was wat deur die Heilge Gees teweeg gebring is. Hierdie gedeelte is deur Matteus geskryf om te wys dat dit is waar die profesie van Jes 7:14 vervul is met die geboorte van Jesus. Daar staan: *"Daarom sal die Here self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom 'n naam gee: Immanuel"*.

En dan ook in Lukas 1:26-38 word vertel hoe die Engel Gabriel aan my verskyn het en aan my gesê het dat ek swanger sal raak, 'n seun sal kry, en dat ek hom Jesus moet noem. Toe ek vra maar hoe dit moontlik is omdat ek nog nie omgang gehad het met 'n man nie, het die Engel verduidelik dat dit deur die krag van die Allerhoogste sal gebeur – die Gees sal oor my kom en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in my verwek.

Daar het ek 'n lofsang geskryf:

*"My siel loof die Here,*

*47my gees jubel oor God my Verlosser,*
*48want Hy het die nederigheid van sy diensmeisie raakgesien.*
*Kyk, van nou af sal alle geslagte my gelukkig noem,*
*49want die Magtige het groot dinge vir my gedoen –*
*ja, heilig is sy Naam.*
*50 Hy bewys ontferming van geslag tot geslag*
*aan hulle wat vir Hom ontsag het.*
*51 Kragtige dade verrig Hy met sy arm.*
*Die denke van hoogmoediges verwar Hy,*

*52heersers ruk Hy van hulle trone af,*

*en geringes verhoog Hy.*

*53 Hongeriges versadig Hy met goeie gawes,*

*en rykes stuur Hy met leë hande weg.*

*54 Sy dienskneg Israel het Hy bygestaan,*

*deur sy ontferming in gedagte te hou,*

*55 soos Hy dit aan ons voorvaders beloof het,*

*aan Abraham en sy nageslag, vir ewig."*

Nou moet ek sommer hier van meet af aan sê dat oor elke enkele word wat oor my in die Bybel geskryf is, is daar letterlik bibiloteke vol boeke oor geskryf.

En die rede hoekom daar so baie boeke oor geskryf is, is oor hoe verskillende kerklike tradisies en groeperinge dit wat oor my geskryf is verstaan en interpreteer.

Die mees bekendste hiervan is die Roomse Katolieke Kerk. Dit sal regtig baie lank neem om te verduidelik presies wat die Roomse Katolieke Kerk alles van my glo, maar in kort kom dit daarop neer dat hulle meen:

- Ek is die moeder van Jesus, maar vir hulle beteken dit ook ek is die moeder van God en kry ek selfs 'n teologiese naam – theotokos
- Ek is verhef tot en word vereer as 'n heilige – en aanbid net soos wat God en Jesus aanbid word in die Roomse Katolieke Kerk
- Ek is medeverlosser saam met Jesus omdat ek bereid was en gehoorsaam was om die moeder van Jesus te wees
- Ek word gesien as iemand wat ewig sonder sonde is – Onbevlekte Ontvangenis word dit genoem, want ek het geen erfsonde nie, en ek het ook nie gesterf nie, maar ek is in die hemel opgeneem waar ek vir ewig leef.

Benewens die Rooms Katolieke Kerk se tradisie, is daar ook die Ortodokse Jode se tradisie. Hulle glo natuurlik nie dat Jesus die seun van God was nie, en glo dus nie en lees ook nie die

Nuwe Testament nie. Hulle meen dat Jes 7:14 juis nie die bekenis van "maagd" beskryf nie, maar slegs "jong vrou".

Die volgende tradisie is die reformatoriese tradisie – die interpretasie van die kerk van die kerkhervormers.

En dit is van waaruit ek met julle gesels vandag – want veral die Roomse Kerk se interpretasie berus op allerhande legendes en leerstukke wat oor my opgestel is, maar die reformatoriese interpretasie berus slegs op een ding – en dit is wat in Bybel oor my geskryf is.

Daar is nie baie oor my geskryf in die Bybel nie, maar dit wat wel oor my geskryf is, is genoeg om te besef dat ek eintlik 'n vrou soos enige ander vrou in die tyd van die Bybel was. Daar was geen spesifieke rede hoekom God my gekies het om die Ma van Jesus te word nie. Die geslagsregister in beide 1 Matt en Lukas 3 skryf slegs van die voorgeslag van Josef, maar nie van die voorgeslag van Maria nie – ja, my naam word wel genoem in die geslagsregister, maar slegs in die sin van "Josef was die man van Maria..." Met ander woorde my pa (Joachim en my Ma Anna) en hulle voorgeslag figureer glad nie in die geslagsregister nie – daar word bloot gemeld dat ons van die stam van Juda af afstam. Daar is eintlik niks bekend van waar ek regtig vandaan kom nie. Om dit nou kort te stel, ek was nie 'n "iemand" gewees nie, maar 'n "niemand". Maar God gebruik juis niemande in die lewe om die geskiedenis te verander – om sy werk op aarde te verrig.

En in my geval was die werk van God om deur 'n wonderwerk die Messias te laat gebore word en groot te maak. God kon dit natuurlik op enige ander manier gedoen het, maar Hy het juis gekies om ten volle mens te word, maar steeds op so manier dat Hy steeds ten volle God ook bly. Menslike woorde en taal en logika is nie voldoende om geloofsbegrippe en waarhede te omvat en te verduidelik nie – ten volle God, maar ook ten volle mens – dit is wie Jesus was. Ten volle God, want Jesus is deur 'n wonderwerk in my verwek, maar ten volle mens want Hy is deur my in die lewe gebring – ek het aan Hom geboorte geskenk. Soos enige ander geboorte. In my geval was die omstandighede van die geboorte wel nie normaal nie, want die Romeinse Keiser Augustus het besluit om 'n volkstelling te hou en ek en Josef moes na Betlehem toe gaan omdat hy van die stam van Dawid was en Betlehem was die stad van Dawid – ons moes toe in die ondervertrek van die huis bly en dit is waar Jesus

gebore is. Vir ‘n meisie soos ek was dit baie moeilik – die reis van Nasaret af na Betlehem was ongeveer 145 km ver gewees en dit het waarskynlik ‘n week geneem. Daar is geen bewys dat ek op ‘n donkie gery het nie, maar vir iemand wat op kraam gewees het, was dit nie moontlik om te loop nie.

Die reis was moeilik, die geboorte in die ondervertrek waar die diere oornag het, was moeilik en boonop moes ons toe nog na Egipte toe ook vlug toe koning Herodes hoor dat ‘n koning gebore is. Dit is omtrent net so ver van Betlehem af Egipte toe soos van Nasaret af Betlehem toe.

Na ongeveer ‘n maand en ‘n half later het Koning Herodes gesterf en kon ons weer die lang pad terug na Nasaret toe geneem het.
In Nasaret kon Josef weer voortgaan met sy werk en later kon Jesus toe ook doen wat Josef gedoen het. Ek weet ons is geleer dat Jesus ‘n timmerman was, maar die nuutste navorsing wys dat die griekse woord ‘*tekton’* nie noodwendig timmerman was nie, maar vakman. Naby Nasaret was daar ‘n bekende stad van die tyd met die naam Sefforis – hierdie stad is bekend vir die steengroewe en klipwerke wat daar deur die vakmanne met die hand gekap is en omdat dit op ‘n handelsroete was is dit verder versprei na die noorde van die land en op skepe verder vervoer. As mens in ag neem hoeveel keer Jesus praat oor bouwerk en stene en klippe, is dit waarskynlik dat Hy ook totdat Hy so 30 jaar oud was een van daardie vakmanne was.

Die volgende gedeelte in die Bybel wat prominent oor my skryf was met Jesus se eerste wonderwerk – toe die wyn by die bruilof opgeraak het. Weereens het dit vir my oor eer en skande gegaan – as die wyn opraak sal dit tot skande wees vir die gasheer (wat dalk familie van ons was) en daarom het ek vir Jesus gesê toe die wyn op was. Ek het nie geweet en besef dat Hy iets aan die saak kon doen nie. Net soos wat die Allerhoogste met ‘n wonder lewe in my verwek het, net so het Jesus met ‘n wonder water in wyn verander. Ek het besef dat dit het gewys dat Jesus goddelike krag het en dus ook God is, maar dit was ook simbolies om te wys dat die koningkryk van God en die Evangelie wat Hy verkondig het, ‘n feestelike aankondiging en gebeure is. Dit is simbolies van hoe God deur Jesus mense kan verander wat in Hom glo.

Die volgende gedeeltes wat oor my skryf vertel dat ek dikwels in Jesus se midde was tydens sy ongeveer drie jaar van bediening op aarde. Een van hierdie gedeeltes skryf dat Jesus se broers, maw my en Josef se ander kinders ook teenwoordig was. Ongelukkig word dit erg gedebbatteer of dit inderdaad my kinders was en dalk geloofsbroers – omdat daar ook van susters gepraat is.

Die belangrike is egter om nie op die kwessies oor interpretasie en verskille te konsentreer nie.

Waarby ek wil uitkom is wat gebeur het toe Jesus gekruisig is – die allerverskriklikste ding wat 'n Ma kon aanskou – hoe jou eie kind uitgelewer word deur jou eie mense aan die vyandige Romeinse regering en dat die goewerneur besluit het om die wil van die skare wat geskree het "Kruisig Hom" te voldoen.
Daar moes ek aanskou hoe Hy gely het.

*25By die kruis van Jesus het sy moeder en sy moeder se suster en Maria, die vrou van Klopas, en ook Maria Magdalena gestaan. 26Toe Jesus sy moeder sien, asook die dissipel vir wie Hy lief was, wat by haar staan, sê Hy vir sy moeder:*

*"Vrou, kyk, daar is u seun!"*

*27Daarna sê Hy vir die dissipel:*

*"Kyk, daar is jou moeder!"*

*En van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem.*

Maar daar van die kruis af het hy na my gekyk en my "Vrou" genoem. Nie net soos mens oor enige vrou sal praat nie, maar 'n aanspreekvorm wat gebruik is vir getroude vrouens – amper soos ons vandag die woord "mevrou" sal gebruik. - Was ek dan nie meer sy Ma nie?

Nee, kyk weer mooi na daardie vers in Johannes 19:26

Aan my sê hy: Mevrou – daar is jou seun – in Grieks, "gunai"

Aan die dissipel se hy – daar is jou moeder – in Grieks, "mêter"

Gewoonlik sou 'n seun sy moeder "meter" noem

Maw – aan die kruis hang Jesus en hy noem my nou soos wat God nou na my kyk – nie meer net ‘n maagd wat swanger geword het nie, ook nie meer moeder nie, maar Mevrou Maria. ‘n Titel wat dui op ‘n verhoging in eer en aansien. Dit is hoe God nou na my kyk. Daar is twee goed wat belangrik is om hier raak te sien:
1. God het ‘n wonderwerk deur my laat plaasvind met Jesus se geboorte, maar dit beteken nie dat wanneer God goddelike werk deur mense doen dat mense nou God word of goddelike status kry nie. Nee God gebruik mense – God gee aan mense sy krag, God doen goddelike wonderwerke deur mense, maar God bly God en mens bly mens.

2. Die tweede is dat God mense wel ophef, Hy neem ‘n niemand-mens soos ek, ‘n jong meisie met geen status, ‘n jong meisie wat streef daarna om as iemand gereken te word – en deur God word ek nou genoem Mevrou Maria.

Eintlik is daar ‘n derde ding om raak te sien en dit is dat God nie my moederskap verwerp het nie – maar Hy gee vir my daar aan die kruis ‘n nuwe seun – een van Jesus se dissipels – en hy noem my Ma en ek noem hom Seun. God verstaan iets van ‘n moederlike instink en smagting, en het dit nie weggeneem van my af nie.

Na die kruisiging van Jesus word daar slegs nog een keer van my gepraat en dit is in Handelinge 1:14 net na die hemelvaart van Jesus waar ons in die bovertrek bymekaargekom het om te bid.

So het die gedeeltes in die Bybel wat oor my skryf tot einde gekom in ‘n bovertrek – amper asof daar iets voltooi is. Dit het begin in ‘n ondervertrek met Jesus se geboorte onder moeilike omstandighede, met geboortepyne en sweet en dit eindig hier in die bovertrek – met biddende afwagting.
Ek dink tog dit se iets van hoe daar vandag na my as Maria gekyk moet word. Ons kan ons vereenselwig met die jong maagd, die niemand van Nasaret wat gekies word om ‘n godswonder te laat plaasvind, maar selfs nadat God my verhef het van ‘n niemand tot ‘n iemand, het ek steeds net mens gebly. Ek was ‘n vrou soos enige ander vrou, ek het deel geword van die stadig-groeiende geloofsgemeenskap wat Jesus gevolg het, ek het saam met hulle geleer wat die volle betekenis van Jesus se koms en sy bediening op aarde was. Saam met hulle het ek dikwels nie verstaan wat Jesus kom doen het en beteken het nie. Maar saam met hulle het ek gegroei en meer en meer verstaan. Van ‘n maagd tot ‘n moeder, van

‘n moeder tot ‘n mevrou, deel van ‘n biddende geloofsgemeenskap, ‘n geloofsgemeenskap waar vroue ook saam in afwagting is op die wederkoms van my verheerlikte seun, die een wat opgestaan het, die een wat opgevaar het – die een wat weer sal kom.

AMEN